# Sintaksisoorsigdokument vir die Algemene Afrikaanse Grammatika

Virtuele Instituut vir Afrikaans

- **Verwysing:** Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA). 2023. Sintaksisterminologie vir die Algemene Afrikaanse Grammatika. Weergawe 1.3. Aanlyn: viva-afrikaans.org.
- **Opsomming**: In hierdie tegniese verslag word terminologiese kwessies met betrekking tot die beskrywing van die Afrikaanse sintaksis in die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA) se Algemene Afrikaanse Grammatika (AAG) sistematies uiteengesit. Die inhoud moet nié gesien word as ŉ beskrywing van die Afrikaanse sintaksis nie, maar slegs as ŉ middel tot ŉ doel, naamlik om terminologie te standaardiseer vir alle moontlike sinskonstituente op alle relevante vlakke van beskrywing. Hierdie vlakke sluit in morfosintaktiese vorm (d.i. woordsoorte), sintaktiese vorm (d.i. sintaktiese stukke), sintaktiese funksie (d.i. grammatikale verhoudings) en klousstruktuur. Die onderskeid tussen vorm, funksie en betekenis word ook sistematies behandel.
- Verwysings na kleure het betrekking op die voorbeelde aan die einde van die dokument.
- **Erkenning in alfabetiese volgorde:** Adri Breed, Nina Brink, Jac Conradie, Nadine Fouché-Karsten, Sophia Kapp, Johanita Kirsten, Ernst Kotzé, Suléne Pilon, Gerhard van Huyssteen, Bertus van Rooy, Roné Wierenga.
- **Status**: **Weergawe 1.3**. Aangesien die dokument al deur verskeie taalkundiges krities beskou is, is weergawe 1.0 die eerste, amptelike weergawe wat vrygestel is, en drie verdere uitgawes het intussen verskyn. Die hoop en verwagting is steeds dat ŉ groter gemeenskap van gebruikers en kundiges kommentaar sal lewer.
- **Kontak**: Enige vrae, opmerkings, kritiek en voorstelle kan gerig word aan gerhard.vanhuyssteen@nwu.ac.za, sulene.pilon@up.ac.za of adri.breed@nwu.ac.za.
- **Veranderingslog**: Kyk aan die einde van die dokument.

## Inhoudsopgawe

Samevatting ........ 3
Oorsig ........ 6
Woorde ........ 6
Woordsoorte ........ 6
Sintaktiese vorm ........ 7
Sintaktiese funksies ........ 10
Klousstruktuur ........ 18
Die onderskeid <vorm>, {funksie} en [BETEKENIS] ........ 21
    Sinsdele: vorm ........ 21
    Sinsdele: funksie ........ 21
    Sinsdele: betekenis ........ 22
    Sinsdele: modus ........ 22
Afkortings ........ 23
    Afkortings vir woordsoorte ........ 23
    Afkortings vir sintaktiese stukke en stukkomponente ........ 26

Afkortings vir sintaktiese funksies ........................................................................................ 27
Veranderingslog ........................................................................................................................ 29

# Samevatting

**Terme waarmee woordsoorte beskryf word:**

- N
- V
- ADJ
- ADV
- PN
- ART
- NUM
- PREP
    - PREP
    - POSTP
    - CIRCP
- INTERJ
- CNJ
- PTCL
    - o.a. PTCL.PTV (deel-geheel-partikel/partitiefpartikel)
- MISC

**Terme waarmee vorm beskryf word:**

- kern, bepaler, determineerder
- NP
    - NP.KERN
    - Determineerder (NP.DET)
        - NP.PREDET
            - DET.PTV
            - PTCL.REL
        - ART
        - PN.DEM
        - PN.Q
        - GEN
        - NUM
        - NP
    - Byvoeglike bepaler
        - NP.VOORBEP
        - NP.NABEP
- VP
    - VP.KERN
    - VP.NKERN
        - V.AUX
        - V.LINK
        - V.LINK+PTCL.LINK
    - VP.ADJUNK
- AP
    - AP.KERN
    - AP.VOORBEP
    - AP.NABEP
- ADVP
    - ADVP.KERN

        - ADVP.VOORBEP
        - ADVP.NABEP
    - PP

**Terme waarmee funksie beskryf word:**

- Subjek (SBJ)
- Gesegde (PREDN)
    - Predikaat (PRED)
        - Predikator (PREDR)
            - Inkl. kopula
        - Predikaatkomplement(e) (PREDCOMP)
            - Direkte objek (OBJ)
            - Indirekte objek (IO)
            - Voorsetselobjek (PREPOBJ)
            - Kopulakomplement (COPCOMP)
            - Objekkomplement (OBJCOMP)
            - Bywoordelike komplement (ACOMP)
    - Adjunk(te) (ADJT)
        - Bywoordelike bepaling (A)
            - ... van omstandigheid (A.C)
            - ... van houding (A.S)
            - ... van skakeling (A.L)
                - {SEM} "Voegwoordelike" verbinders
                - {SEM} Aaneenskakelende verbinders
                - {SEM} Teenstellende verbinders
                - {SEM} Wendingskakels
                - {SEM} Verbinders van rede/gevolgtrekking
        - Randadjunk (INSRT)
            - Vokatief
            - Tussenwerpsel
            - Groetvorm
            - Diskoersmerker
            - Disjunk (DISJ) – nog onder bespreking
            - Aanspreekvorm
- Konjunk (CONJ)
    - Neweskikker
    - Onderskikker
- Ander
    - Setselkomplement
    - Leë subjek
    - Antisiperende subjek
    - Antisiperende objek
    - Vrye komplement
        - Vrye subjekkomplement
        - Vrye objekkomplement

**Terme waarmee klousstruktuur beskryf word:**

- Sin
  - Simplekse sin
    - Enkelvoudige klous
  - Komplekse sin
    - Neweskikkend komplekse sin
      - Newegeskikte klous
    - Ondergeskikkend komplekse klous
      - Kompleks onafhanklike klouse (=hoofsin)
      - Ondergeskikte klous (=bysin)
        - Bywoordelike bysin
        - Komplementbysin
        - Betreklike bysin
  - Nonklous *(nog onder bespreking)*
    - Adjunk: Randadjunk
    - Konjunk

# Oorsig

| Sin: | Al | vier | die | groot | bottels | bier | wat | op | my | ma | se | klavier | staan | is | half |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Woordsoort | PTCL | NUM | ART | ADJ | N | N | PN | PREP | PN | N | PTCL | N | V | V | ADJ |
| Vorm | NP.PREDET | | NP.DET | NP.VOORBEP | NP.KERN | NP.NABEP$_1$ | NP.NABEP$_2$ | | | | | | | VP.KERN | |
| Funksie | subjek | | | | | | | | | | | | | predikaat | |
| Klousstruktuur | Hoofsin$_i$ | | | | | | Betreklike bysin | | | | | | | Hoofsin$_i$ | |

| Sin: | Wilhelm | het | geglo | in | zombies | elke | keer | as | hy | The | Walking | Dead | klaar | gekyk | het |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| WOORDSOORT | N | V.AUX | V | PREP | N | NUM | N | CNJ | PN | MISC | MISC | MISC | ADV | V | V.AUX |
| VORM | NP.KERN | VP.NKERN | VP.KERN | | | NP.DET | NP.KERN | KONJUNK | NP.KERN$_1$ | NP.KERN$_2$ | | | ADVP.KERN | VP.KERN | VP.NKERN |
| funksie | subjek | predikaat | | | | adjunk$_i$ | | konjunk | adjunk$_i$ | | | | | | |
| Klousstruktuur | Hoofsin | | | | | | | Konjunk | Bywoordelike bysin | | | | | | |

# Woorde

**Swart = Woord/Sin**

# Woordsoorte

**Grys = Woordsoort [[morfosintakties :: vorm + funksie]]**

- N
- V
- ADJ
- ADV
- PN
- ART
- NUM
- PREP
- INTERJ
- CNJ
- PTCL
- MISC

# Sintaktiese vorm

**Rooi = Sintaktiese stukke ("phrase structures") [[sintakties :: vorm]]**

**Let op:** Die konstruksies (gedetaileerde gedeeltes) onder elk van die hoof- en subafdelings is nie veronderstel om volledig te wees nie, maar gee eerder 'n aanduiding van die vorm van prototipiese stukke. Spesifieke konstruksies (bv. vraagsinkonstruksies, passiefkonstruksies, *Hoe X·er die Y*-konstruksies, ens.) word in gespesialiseerde afdelings van die sintaksis beskryf.

- **Naamwoordstuk (NP)**
  - Naamwoordstukkern (NP.KERN)
    - N
      Byvoorbeeld:
      - ADJ·NMLZ (*die **jong·ste***)
        (Longman 519)
      - NUM·NMLZ (*hierdie **ses·de***)
    - PN.PERS

  - Determineerder (DET)
    Engels: determiner (Longman)
    Onweglaatbare element wat die N bepaal binne die **NP** (wat funksioneer as **subjek**, **(in)direkte objek**, **voorsetselobjek** of **setselkomplement**). Determineerders is dus déél van die NP, en nie 'n aparte sinstuk met 'n aparte sinsfunksie nie.
    - Predetermineerder (NP.PREDET)
      - DET.PTV (deel-geheel-bepaler)
        - NUM + PTCL.PTV (***drie van** die kinders; **heelwat van** die kinders*)
        - NP + PTCL.PTV (***'n deel van** die groep; **die helfte van** die kinders*)
        - PTCL.PTV
          - ***van** die kinders het al gaan slaap*
          - ***al** die kinders het al gaan slaap*
            - maar NUM: ***alle** kinders het gaan slaap*
          - ***heel** die wêreld sit en wag*
            - maar ADJ: *die **hele** wêreld sit en wag*
          - ??***menig** 'n priester*
            - maar NUM: ***menige** priester*
      - PTCL.REL (*so/wat*)
    - Lidwoord (ART)
      Engels: article
    - Aanwysende voornaamwoord (PN.DEM) (aanwysend; Ponelis: demonstratief)
    - Vraende voornaamwoord (PN.Q) (vraend; dit is meer algemeen gesien 'n WH.Q-woord, of anders gesien 'n PTCL.Q)
    - Genetiefvorm (GEN)
      - PN (besitlik)
      - NP + PTCL.GEN (***Piet se** moeder*)
    - Telwoord (NUM)
      - NUM wat sonder ART optree = Kwantordetermineerder (*enige; elke; menige; sommige*)
    - Naamwoordstuk (NP) (bv. ***'n trop** skape*)
      - ?Kan ook geïnterpreteer word as kern + nabepaler

- Byvoeglike bepaler
  Engels: modifier (Longman)
  Weglaatbare element wat die N bepaal binne die **NP** (wat funksioneer as **subjek**, **(in)direkte objek**, **voorsetselobjek** of **setselkomplement**). Byvoeglike bepalers is dus déél van die NP, en nie 'n aparte sinstuk met 'n aparte sinsfunksie nie (behalwe om die N te bepaal).
  - Voorbepaler (Ponelis gebruik *voorbepaling*, p 140) (NP.VOORBEP)
    Engels: premodifier
    - AP
  - Nabepaler (Ponelis gebruik *nabepaling*, p 140) (NP.NABEP)
    Engels: postmodifier
    - RELC (*die mense **wat langsaan woon***)
    - PP (*die moeder **van Piet**; die kamerjas **agter die deur***)
    - AP (*iets **moois**; die windjie, **koud en skraal***)
    - NP (*die Departement **Afrikaans**; 'n soort **skaap**; Jannie, **'n vlieënier***)
      - Kan ook geïnterpreteer word as determineerder + kern
    - ADVP (*die mense **langsaan**; die kinders **hier***)
    - NUM (CARDINAL) (*kamer **ses**; die getal **honderd***)
    - COMPC
      Engels: complement clause (Longman) (*die wete **dat jy hier is**, maak my bly; **dat jy hier is**, maak my bly)*
      - Tipies saam met mentale en kommunikatiewe naamwoorde.
      - Komplementbysinne in die direkte rede kan ook saam met sommige naamwoorde as nabepaler gebruik word (*Waar kom [die sêding **"Ek het jou lief"**]$_{NP}$ vandaan?!*)

- **Werkwoordstuk (VP)**
  - Werkwoordstukkern (VP.KERN)
  - V (*hulle **speel***)
  - V + NP (*hy **skop die hond***)
  - V + PP (*hy **hou van koffie***)
  - PTCL.INF + V (*hy is besig om **te leer***)
  - COP.PRED
    - V.COP + AP (*Petra **is mooi***)
    - V.COP + NP (*Petra **is 'n buffel***)
    - V.COP + PP (*Petra **is op die plaas***)
      - Kan ook as kompleks onoorganklike werkwoord geanaliseer word
    - V.COP + ADVP (*Petra **is hier***)
      - Kan ook as kompleks onoorganklike werkwoord geanaliseer word
    - V.COP + NUM (*Petra **is een en twintig***)
  - Niehoofwerkwoordgedeelte (VP.NKERN)
  - V.AUX
  - V.LINK
  - V.LINK + PTCL.LINK
  - Adjunk: Bywoordelike bepaling (VP.ADJUNK)
  - ADVP (*hulle speel **lekker***)
  - NP (*hulle speel **elke aand***)
  - PP (*hulle speel **op die stoep***)
  - COMPC (*hulle speel **om te wen***)

- RELC (*hulle speel **wanneer die son skyn***)
- ADVC (*hulle speel **aangesien hulle wil wen***)

- **Adjektiefstuk (AP)**
    - Adjektiefstukkern (AP.KERN)
    - ADJ
    - Voorbepaler (AP.VOORBEP)
    - ADVP (***verskriklik** rooi*)
    - PTCL.SIMT (***so** rooi soos bloed*)
    - PP (*die **met bloed** bevlekte laken*)
    - Nabepaler (AP.NABEP)
    - PTCL.SIMT + NP (*so rooi **soos bloed***)
    - COMPC (*die skildery is mooi **om na te kyk***)
- **Setselstuk (PP)**
    - Setselstukkern (PP.KERN)
    - PREP + NP (*in **die kamer***)
    - PREP + ADVP (*tot **môre***)
    - NP + POSTP (***huis** toe*)
    - ADVP + POSTP (LET OP: gewoonlike samegroeiings: ***agtertoe, vorentoe***)
    - CIRCP + NP + CIRCP (*onder **die brug** deur*)
    - CIRCP + ADVP + CIRCP (*tot **hier** toe*)
    - Voorbepaler (PP.VOORBEP)
    - NP ( ***drie dae** ná my bevalling* – vanaf Taalportaal)
    - ADJ (*die spits dak wat **ver** bo die vrugteboorde uitsteek* – vanaf Taalportaal)
    - ADV (*Jesus het **reg** voor die skatkis gaan sit* – vanaf Taalportaal)
    - PREP (***agter** in die yskas* – vanaf Taalportaal)

- **Bywoordstuk (ADVP)**
    - Bywoordstukkern (ADVP.KERN)
    - ADV (*kom **laat***)
    - Voorbepaler (ADVP.VOORBEP)
    - ADV (*kom **altyd** laat; beseer sy hand **so** erg dat hy moet hospitaal toe gaan* )
    - Nabepaler (ADV.NABEP)
    - ADV (*tot saans **laat***)
    - PTCL.SIMT + ADV (*kom laat **soos gewoonlik***)
    - COMPC (*beseer sy hand so erg **dat hy moet hospitaal toe gaan**)*

# Sintaktiese funksies

**Oranje = Sintaktiese funksies (a.k.a. grammatikale rolle/verhoudings) [[sintakties :: funksie]]**

- **Subjek** (sinoniem: onderwerp)
  Engels: subject
  SBJ
- **Gesegde** (sinoniem: predisering (Van Schoor))
  Engels: predicate – Longman (p. 122; later gee hulle wel 'n ander siening) {(full) predication > in logic}
  PREDN
- 
  - Ons volg die tradisionele benadering om te onderskei tussen subjek en gesegde, waar **gesegde = klous – subjek;** overgesetsynde: **gesegde = predikaat** (wat bestaan uit **predikator** (hoofwerkwoord en niehoofwerkwoorde) **+ predikaatkomplemente** (verpligte elemente, bv. **(in)direkte objek**)) én **adjunkte** (nieverpligte elemente)
  - **Let op:** Hierdie onderskeid blyk nie wesenlik te wees nie, maar wel die onderskeid: **subjek; predikaat; adjunk.** Ons volg hierdie benadering, in navolging van Longman

| AAG/ASG | Ponelis | Van Schoor | Botha |
|---|---|---|---|
| **Subjek** | Onderwerp | Onderwerp | onderwerp |
| **Gesegde** | Gesegde | Predisering | gesegde |
| **Predikaat** | werkwoordstukkern | | werkwoordstukkern |
| **Predikator** | predikaat (eks. mww.) | predikaat (inkl. mww.) | |
| **Predikaatkomplement(e)** | argument(e) | komplement(e) | items vereis deur ww. |
| **adjunk(te)** | adjunk(te) (inkl. mww.) | adjunk, disjunk, konjunk (PL) | adjunk(te) en mww. |

- Crystal (2008)
  sin = subject + predicate (in tradisionele grammatika)
- Ponelis (1979)
  sin = onderwerp + gesegde
  gesegde = predikaat (d.i. hoofwerkwoord) + argumente + adjunkte (en by implikasie: + niehoofwerkwoord)
- Van Schoor (1983)
  sin = onderwerp + predisering (p. 16)
  predisering = predikaat (p. 18) + komplement (p. 17) + adjunkte/disjunkte/konjunkte (p. 100-123)
  predikaat = hoofwerkwoord en medewerkwoorde (p. 18)
- Botha (1985:43; 51)
  sin = onderwerp + gesegde
  gesegde = werkwoordstukkern (hoofwerkwoord + items wat daardeur gedetermineer word), asook medewerkwoorde en opsionele adjunkte
- **Opsommend**: Almal van hulle onderskei in wese:
  **sin**: onderwerp + gesegde (= werkwoordstuk)
  **gesegde:** bevat werkwoordstukkern (verplig) en niehoofwerkwoorde (opsioneel) en/of adjunkte (opsioneel)
  **werkwoordstukkern**: bevat hoofwerkwoord (predikaat – Ponelis) + verpligte elemente (argumente – Ponelis)

- **Predikaat**
  Engels: predicate (Longman)
  Bestaan uit predikator (hoofwerkwoord en niehoofwerkwoorde) **+** predikaatkomplemente (verpligte elemente, bv. (in)direkte objek)
  PRED

  - Predikator (= werkwoordgedeelte van gesegde)
    Engels: predicator (Crystal op SIL)
    PREDR
    - Spesifieke soort predikator (o.a.):
      Kopula (sinoniem: koppelwerkwoord) (d.i. die )
      Engels: copula; copulative; copular verb
      COP
      - Neem verpligte kopulakomplement
      - kopula + kopulakomplement = kopulapredikaat (d.i. ŉ spesiale soort predikaat/gesegde)
    - Sien Crystal (1997:303); https://glossary.sil.org/term/predicator

  - Predikaatkomplement **(= verpligte elemente/konstituente (afhangende van die tipe V)) (Bussmann)**
    PREDCOMP
    Engels: predicator complement. (vgl Aarts & Aarts, 1982; Meyer 2009)
    - Direkte objek (sinoniem: lydende/direkte voorwerp)
      Engels: direct object (Longman)
      OBJ
      Dit is die verpligte element by **oorganklike werkwoorde**, byvoorbeeld *Hy het **kopseer***.
    - Indirekte objek (sinoniem: meewerkende/indirekte voorwerp)
      Engels: indirect object (Longman)
      IO
      Dit is die ander verpligte element by **dubbeloorganklike werkwoorde** (ditransitive verb; Longman), byvoorbeeld *Hy gee **sy ma** kopseer*.
    - Voorsetselobjek (sinoniem: voorsetselvoorwerp)
      Engels: prepositional object (Longman; Bussmann > ook oblique object)
      PREPOBJ
      Dit is die verpligte element by **voorsetselwerkwoorde**. In *Ek hou van sjokolade* is ***hou*** die predikator en ***van sjokolade*** die voorsetselobjek.
      Weens ***vir*** se unieke gedrag in Afrikaans, kan dit soms ook die indirekte objek wees, soos ***vir haar*** in *Hy gee vir haar ŉ sjokolade*.
    - Kopulakomplement (sinoniem: onderwerpspredikatief; subjekpredikatief/-predikaat; subjekkomplement; predikatiewe komplement; Ponelis: kopulapredikaat)
      Engels: subject predicate; subject predicative (Hasselgard; Longman); subject complement (Crystal 1997:75); predicative

complement (Bussmann :929)
COPCOMP

Dit is die verpligte element by **koppelwerkwoorde.**

- Kan een van vier strukture wees, naamlik:
  - NP (naamwoordelike gesegde) (Longman): *Sy is **'n rakker**.*
  - AP (Longman): *Sy is **stout***.
  - C (Longman): *Die vraag is **of sy slim is***.
  - PP wat metafories gebruik word om 'n attribuut aan die subjek toe te ken (m.a.w. 'n PP met 'n betekenis soortgelyk aan die van 'n AP): *Sy is **in haar noppies/skik*** (wat semanties gelyk is aan iets soos *Sy is tevrede*); *Sy is **onder druk*** (wat semanties gelyk is aan iets soos *Sy is tevrede*); *Sy is **de donder in*** (wat semanties gelyk is aan iets soos *Sy is kwaad*)
    - ALTERNATIEWE ANALISE: 'n Mens sou sulke gevalle in die alternatief kon analiseer as bywoordelike komplemente wat metafories by ***is*** as **kompleks onoorganklike werkwoord** gebruik word. Die voordeel van só 'n analise sou wees dat 'n mens dan nie nodig het om PP as kopulakomplement te beskou nie. O.i. is dit egter meer elegant (en maksimalisties) om die semantiek hiervan in ag te neem, naamlik dat 'n PP soms metafories gebruik kan word om 'n attribuut van die subjek uit te druk.

- Objekkomplement (sinoniem: voorwerpspredikatief)
  Engels: object predicative (Nordquist; Longman, verwys ook na object complement "in some grammars"); object predicate (Nordquist); object attribute; objective predicative complement; attributive adjunct;
  OBJCOMP

  Dit is die verpligte element by **komplekse oorganklike werkwoorde** (complex transitive verb;[1] Longman) wat verwys na 'n **eienskap** of die **identiteit** van die direkte objek. In *Die seekosgereg het hom siek gemaak* is ***siek*** 'n **predikatiewe adjektief** wat optree as **objekkomplement**; in *Hulle het Hlaudi 'n nar genoem* is ***'n nar*** 'n **predikatiewe naamwoord** wat optree as **objekkomplement**. (Dit moet onderskei word van die **bywoordelike komplement** wat verwys na die **wanneer** of **waar** van die objek.)

- Bywoordelike komplement
  Engels: adverbial complement (Wikipedia); obligatory adverbial (Longman)
  ACOMP
  *Sy bly **in Pretoria***, oftewel *Sy is **in Pretoria***

[1] Complex-transitive verbs in English include *believe, consider, declare, elect, find, judge, keep, know, label, make, name, presume, pronounce, prove, rate, regard*, and *think*. (Nordquist)

*Hy loop/hardloop/stap* ***weg****,* oftewel *Hy is* ***weg***
*Hulle werk/speel/loop* ***saam****,* oftewel *Hulle is* ***saam***
*Hy plant die saadjies* ***in die grond****,* oftewel *Die saadjies is* ***in die grond***

Dit is die verpligte element by **kompleks onoorganklike werkwoorde** (complex intransitive verb;[2] Longman) wat verwys na die **wyse**, **wanneer** of **waar** van die **subjek**.
Let op dat ***is*** 'bevind sig' ook 'n kompleks onoorganklike werkwoord is in die sinne hier bo.

*Hy sit die blomme* ***in die water.*** [Die blomme is in die water]
???*Tja, maar updates* [Die man is ter aarde]

Dit is 'n verpligte element by **kompleks oorganklike werkwoorde** (complex transitive verb;[3] Longman) wat verwys na die **wanneer** of **waar** van die direkte **objek**. (Dit moet onderskei word van die **objekkomplement** wat verwys na 'n **eienskap** of die **identiteit** van die objek).
Let op dat 'n werkwoord soos ***bestel*** in *ter aarde bestel* ook 'n kompleks oorganklike werkwoord is.

- Adjunk **(= nieverpligte/opsionele elemente/konstituente) (Bussmann)**
  LET OP: Die term **adjunk** word ook as 'n vormkategorie gebruik om na dieselfde elemente te verwys.
  ADJT
  - Bywoordelike bepaling
    Engels: adverbial; adverbial adjunct
    A
    
    Al is hulle adjunkte, is hulle wel in die sin geïntegreerd.
    Kan een van die volgende stukke wees:
    - **NP** (***volgende week***)
    - **PP** (***in die grond***)
    - **ADVP** (***beslis***)
    
    Kan een van die volgende tipes wees:
    - Bywoordelike bepaling van omstandigheid (sinoniem: omstandigheidsadjunk)
      Engels: Circumstance adverbial (Longman)
      A.C
      
      *Hy plant die saadjies* ***in die grond****.* [Plek]
      *Sy sing* **11:00** [Tyd]
      *Die toeskouers staan* ***in groepies*** *en gesels.* [Wyse]
    - Bywoordelike bepaling van houding (sinoniem: houdingsadjunk)
      Engels: Stance adverbial (Longman)
      A.S
      
      *Dit is* ***beslis*** *geelhout.* [Kleuradjunk: versterker]
      *Dit is* ***dalk*** *geelhout.* [Kleuradjunk: versagter]

---

[2] A term used to describe a verb which licenses a subject-related predicative complement — hence complex intransitive ... (Oxford Reference). M.a.w. komplekse onoorganklike werkwoorde en koppelwerkwoord is soortgelyk en dikwels moeilik te onderskei (Longman, p. 146)
[3] Complex-transitive verbs in English include *believe, consider, declare, elect, find, judge, keep, know, label, make, name, presume, pronounce, prove, rate, regard*, and *think*. (Nordquist)

*Die aanbod het **gelukkig/ongelukkig** deur die mat geval.* [Oordeel]

- Bywoordelike bepaling van skakeling (sinoniem: verbindingsadjunk; skakeladjunk)
  Engels: Linking adverbial (Longman)
  A.L
  - "Voegwoordelike" verbinders
    - *Ry met jou kar tot by die stasie. **Of** ek kan jou gaan aflaai ook.* [neweskikkend]
    - *Jy sal dit nie regkry nie. **Al** staan jy op jou kop.* [onderskikkend]

    **Let op:** Neweskikkers lyk soos neweskikkende voegwoorde en onderskikkers soos onderskikkende voegwoorde, maar dit word nie gebruik om onafhanklike sinne aanmekaar te voeg nie.
    *Die wêreld het vir hom te warm geword. **En** toe vat hy sy goed en loop.* [bywoordelike bepaling van skakeling: neweskikkend]
    *Ek is moeg **en** ek is honger.* [konjunk: neweskikker]
  - Aaneenskakelende verbinders (bywoorde van skakeling)
    - ***origens**, **vervolgens**, **voorts***
    - ***eerstens**, **tweedens**, **derdens** ...*
    - ***boonop**, **buitendien**, **bowendien***
    - ***ook*** [soos in *Die transaksie het die maatskappy gered. Dit het **ook** gelei tot nuwe aanstellings.*]
  - Teenstellende verbinders (bywoorde van skakeling)
    - *Hy is moeg, **nietemin** gaan hy werk*. [***nietemin*** = voegwoordelike bywoord wat funksioneer as bywoordelike bepaling van skakeling; ***nietemin*** is deel van die tweede sin.]
    - Ponelisvoorbeeld met ***nietemin***: *Sy kan g'n kook nie. **Nietemin**, sy is darem mooi.*
    - ***daarenteen**, **egter**, **inteendeel**, **maar*** [soos in *Sy kan g'n kook nie. **Maar** sy is darem mooi.*], ***nogtans***
    - ***in teenstelling met***
  - Wendingskakels
    - ***alle grappies op 'n stokkie**, **van die os op die jas***
    - ***ewenwel**, **hoe dit ook al sy**, **in elk geval**, **terloops***
  - Verbinders van rede/gevolgtrekking
    - ***immers**, **mos**, **naamlik***
    - ***daarom**, **derhalwe**, **dus**, **gevolglik**, **met ander woorde***

- Randadjunk (sinoniem: randstuk) (Ponelis) (nog onder bespreking)
  Engels: insert (Longman)
  INSRT
  Nie geïntegreerd in sin nie.
  Verskeie soorte wat deur verskillende mense verskillend benoem word of hanteer word, soms met inbegrip van die semantiek. Hier is sulke onderskeide nie essensieel nie, maar sluit byvoorbeeld in:

- Vokatief (sinoniem: aanroep/appèl/kort bevelsin)
  Engels: vocative
- Tussenwerpsel (sinoniem: uitroep)
  Engels: interjection
- Groetvorm
  Engels: greeting and farewell (Longman)
- Diskoersmerker
  Engels: discourse marker (Longman)
- Disjunk (Ponelis; Van Schoor)
  Engels: disjunct (Nordquist) = style vs. content disjuncts
  DISJ

Byvoorbeeld ***in alle erns*** of ***vir die soveelste keer*** in *In alle erns / Vir die soveelste keer, jy het nie 'n kat se kans nie*.

- **Konjunk** (sinoniem: verbindingsmiddel > Ponelis)
  Engels: connective (Crystal); connector; conjunct
  CONJ

  Ons gebruik die term **konjunk** in navolging van die Engelse "*conjunct*". Ponelis (1979: 603) gebruik **konjunk** om te verwys na "twee of meer funksioneel gelyksoortige lede … wat simmetries (omkeerbaar) geskakel word deur 'n verbindingsmiddel". Van Schoor (1983: 100) gebruik dit om te verwys na "bywoorde wat skakel", i.e. bywoordelike bepalings van skakeling.

  - **Neweskikker**
    Engels: Coordinator
  - **Onderskikker**
    Engels: Subordinator
    - **Komplementiseerder**
      Engels: Complementiser
      ***dat***, ***of***, ***om***
      Byvoorbeeld:
      *Die vrou sê **dat** die kinders moet teruggaan skool toe.*
      *Ek wil weet **of** jy my gaan help.*
      *Ek is te bang **om** met hom te praat.*

**Ander**

- **Setselkomplement** (sinoniem: voorsetselaanvulling)
  Engels: prepositional complement; adpositional complement (Taalportaal)
  Die verpligte aanvulling by 'n (voor)setsel. Byvoorbeeld ***die huis*** in *by die huis*.
- **Adjektiefobjek**
  Engels: adjective object complement (https://writingexplained.org/grammar-dictionary/object-complement)
  Die komplement van 'n oorganklike adjektief (*hy is **Spaans** magtig*)
- **Leë subjek** (Ponelis)
  Engels: dummy subject
  Onpersoonlike ***dit*** (Nordquist) in *Dit reën*, en eksistensiële/niereferensiële ***daar*** (Nordquist) in *Daar word gesê dat honde vriendelik is*.
- **Antisiperende subjek** (sinoniem: onderwerpsubstituut)
  Engels: anticipatory subject (Nordquist)
  ***Dit*** (anticipatory *it*) in *Dit is 'n feit dat honde vriendelik is*.
- **Antisiperende objek**
  Engels: anticipatory object (Nordquist)

***Dit*** (preparatory *it*) in *Ek aanvaar dit wat jy sê*, of ***een ding*** in *Ek sê jou een ding, mense is gevaarlik.*

- **Vrye komplement** (sinoniem: vrye adjunk; vrye komplement/predikaat; tema)
  Engels: Free predicative/predicate (Hasselgard); free adjunct (Dirven: Concepts of Case, p. 99)

  Die opsionele aanvulling wat na ’n subjek of objek verwys en nié met ’n koppelwerkwoord daaraan verbind is nie. Dit kan dikwels rondgeskuif word in die sin.

  - **Vrye subjekkomplement**
    ***Slinks en verraderlik****, hy is nie een om sonder handskoene aan te pak nie.*
    *Die windjie,* ***koud en skraal****, sny deur murg en been.*
    *Hy is* ***arm*** *dood.*
    *Hy het* ***as ’n gelukkige man*** *gesterf.*
  - **Vrye objekkomplement**
    *Ek het hom* ***as ’n gelukkige man*** *ontmoet.*

**Samevatting:**

| Sin |
|---|
| klous |
| subjek |
| gesegde |
| predikaat |
| predikator (inkl. niehoofwerkwoorde en kopula) |
| predikaatkomplement(e) |
| direkte objek |
| indirekte objek |
| voorsetselobjek |
| kopulakomplement |
| objekkomplement |
| bywoordelike komplement |
| adjunk(te) |
| bywoordelike bepaling |
| bywoordelike bepaling van omstandigheid |
| bywoordelike bepaling van houding |
| bywoordelike bepaling van skakeling |
| nonklous |
| randadjunk |
| konjunk |
| neweskikker |
| onderskikker |
| |
| ander: |
| setselkomplement |
| leë subjek |
| antisiperende subjek |
| antisiperende objek |
| vrye komplement |
| vrye subjekkomplement |
| vrye objekkomplement |

# Klousstruktuur

**Blou = Klousstruktuur [[sintakties :: vorm]]**

**ASG**

**Simplekse sin**

**Komplekse sin**

- **Neweskikkend komplekse sin: bestaan uit twee sintakties onafhanklike sinne + konjunk (neweskikker)**
- **Onderskikkend komplekse sin: bestaan uit ʼn hoofsin (sintaktiese onafhanklik) + bysin (sintakties afhanklik) + konjunk (onderskikker/relativiseerder/komplementiseerder)**

**AAG**

**Klous**

- Simplekse sin
  - **Enkelvoudige klous** (= simplekse, semanties onafhanklike klous)
    Engels: simple independent clause / single clause – Longman (202)
    Klous met slegs een predikator.
    *Dit het die afgelope jaar heeltemal te min gereën.*
    **Sinsvorme: stel-, vraag, bevelsinvorm**. (hierdie indeling is nog onder bespreking)
- Komplekse sin
  - Neweskikkend komplekse sin
    Engels: compound independent clause
    - **Newegeskikte klous** (= semanties onafhanklike deel van ʼn komplekse klous wat uit twee sulke dele bestaan)
      Engels: coordinated independent clause – Longman (202)
      Twee gelykwaardige klouse wat met mekaar verbind is, bv. *Dit reën* en *die son skyn* in die sin *Dit reën en die son skyn.*
      Newegeskikte klouse is uitruilbaar as gevolg van die gelykwaardigheid daarvan (*Die son skyn en dit reën ≈ Dit reën en die son skyn*)

  - Onderskikkend komplekse sin
    Engels: ???
    - **Kompleks onafhanklike klous** (sinoniem: hoofsin) (= semanties onafhanklike deel van ʼn komplekse klous)
      Engels: complex independent clause – Longman (202)
      Het een of meer ondergeskikte klouse, bv. *Die man loop in die straat* in die sin *Die man wat verlede naweek gearresteer is, loop in die straat.*
    - **Ondergeskikte klous** (sinoniem: bysin) (= semanties afhanklike deel van ʼn komplekse klous)
      Engels: dependent clause – Longman (196)
      Altyd ʼn sinsdeel van ʼn komplekse klous, bv.:
      - **Bywoordelike bysin**
        Engels: adverbial clause
        ʼn Bysin wat as ʼn bywoordelike bepaling in die sin optree, en wat deur ʼn **onderskikker** ingelei word.
        Tipies tyd, wyse, plek, rede, oorsaak, gevolg, ens.

bywoordelike bepaling (*Die kinders speel* ***terwyl die son skyn***.; *Ek eet* ***om versadig te word,*** *Ek help* ***dat ons vinniger kan klaarmaak***.

- **Komplementbysin**
  Engels: complement clause (Longman); argument clause (Broekhuis)
  'n Bysin wat funksioneer as 'n argument van die werkwoord (dus as **subjek** of **objek**), of as **komplement** van 'n ander sintaktiese eenheid, en wat vormlik deur 'n komplementiseerder of 'n weggelate komplementiseerder ingelei word.
  'n **Komplementbysin** vorm 'n **naamwoordkomplement**; dikwels met 'n mentale of kommunikatiewe naamwoord as voorbepaler: *Die vraag* ***of jy kom****, is al gevra*.
  'n Komplementbysin kan ook sonder die **naamwoordstukkern** voorkom: ***Of jy kom****, is al gevra*. Wanneer 'n komplementbysin die **naamwoordstukkern** vorm (soos hier bo aangedui), kan die resulterende **NP** op dieselfde manier optree as enige ander **NP**, dus as:
    - **subjek**: ***Dat die man weg is*** *is reeds bevestig*.
    - **direkte objek**: *Sy sê* ***dat die man weg is***
    - **kopulakomplement**: *Ons vermoede is* ***dat die man weg is***
    - **voorsetselkobjek:** *Alles wat mense nie hou van* ***om te doen nie****, sal ek vir hulle gaan doen. .*
    - **adjektiefkomplement** by oorganklike adjektiewe; dikwels spesifiek adjektiewe wat sekerheid, affek of belangrikheid uitdruk:
        - *Ek is seker* ***dat jy weet waarvan jy praat***
        - *Ek is onseker* ***of die plan gaan uitwerk***
        - *Ek is jammer* ***om te hoor van jou ongeluk***.

  Die komplementiseerder kan in sommige gevalle weggelaat word, byvoorbeeld:
    - *Hy vra* ***dat jy hom moet help***.
    - *Hy vra* ***jy moet hom help***.

  In sulke gevalle is die bysin nog steeds 'n komplementbysin.
- **Betreklike bysin**
  Engels: relative clause
  Word deur relativiseerder (betreklike voornaamwoord of betreklike bywoord) ingelei.
    - nabepalings in die NP (*Die man* ***wat viool speel*** *vier sy verjaarsdag*)

- Die **spil** is die werkwoord wat in die eerste werkwoordgleuf voorkom. Indien daar slegs 'n hoofwerkwoord in die sin is, sal die hoofwerkwoord hierdie funksie verrig. Indien daar ook niehoofwerkwoorde in die sin aangetref word, sal een van die niehoofwerkwoorde die spilfunksie verrig, en die hoofwerkwoord (en ander niehoofwerkwoorde) sal na die kompleks verskuif. Die hoofwerkwoord druk gewoonlik leksikale inligting uit en niehoofwerkwoorde druk die grammatikale inligting uit (soos tempus, aspek, modaliteit, polariteit of omskrywing). Dit is 'n verpligte sinsdeel en word deur 'n VP vervul.
- In sinne waarin meer as een werkwoord voorkom, bevat die **kompleks** die werkwoord(e) wat nie as spil funksioneer nie. Dit bied grammatikale en/of leksikale inligting (byvoorbeeld dat dit 'n statiese situasies (toestand), of dinamiese situasie (gebeurtenis) is) van die situasie aan.

**Nonklous (hierdie afdeling is nog onder bespreking)**

- **Konjunk** (= voegwoorde en leestekens: , ; )
  Engels: conjunct – Longman
  *Hy loop **en** sy sing.*
- **Randadjunk** (= tussenwerpsels, invoegings, aanspreekvorme, ens.)
  Engels: inserts – Longman (moet nagegaan word)
  ***Gits**, wat maak ons hier?*

# Die onderskeid <vorm>, {funksie} en [BETEKENIS]

- Sinne bestaan uit **woorde** wat op 'n bepaalde manier en in 'n bepaalde volgorde uitgespreek of geskryf word.
- Die woorde bondel saam in groepe (oftwel **sinsdele**) op grond van hoe hulle uitgespreek/geskryf word (vorm), hulle rol in die sin (funksie), en/of wat hulle konseptuele toevoer (betekenis) is. Sulke bondels noem ons **woordgroepe**. (Let op: 'n Sinsdeel kan ook uit 'n enkele woord bestaan.)
- Wanneer 'n bepaalde woordgroep as eenheid met 'n "gestandaardiseerde" vorm, funksie en/of betekenis optree, verwys ons daarna as 'n **stuk** (of **frase**), soos 'n naamwoordstuk, werkwoordstuk, adjektiefstuk en voorsetselstuk (prototipiese stukke).
- Deur elke keer 'n ander bril met 'n ander lenskleur (*vorm of vorm*, *funksie*, *betekenis*) op te sit, sien ons in 'n sin verskillende gleuwe raak waarin die sinsdele val.

## *Sinsdele: vorm*

**Sinsdele wat onderskei kan word as ons 'n VORM-bril op het**

- **NP**
  - **NP.KERN**
  - Determineerder
    - **NP.PREDET**
    - **NP.DET**
  - Byvoeglike bepaler
    - **NP.VOORBEP**
    - **NP.NABEP**
- **VP**
  - **VP.KERN**
  - **VP.NKERN**
  - **VP.ADJUNK**
- **AP**
  - **AP.KERN**
  - **AP.VOORBEP**
  - **AP.NABEP**
- **Voorsetselstuk (PP)**
- **ADVP**
  - **ADVP.KERN**
  - **ADVP.VOORBEP**
  - **ADVP.NABEP**

## *Sinsdele: funksie*


**Sinsdele wat onderskei kan word as ons 'n FUNKSIE-bril op het**




- Die **subjek** dui aan oor wat of wie die sin gaan (dus wie of wat die situasie uitvoer of ondergaan). Dit is 'n verpligte sinsdeel en word deur 'n NP vervul.
- Die **gesegde** dui aan wat die situasie is wat uitgevoer of ondergaan word. Dit is 'n verpligte sinsdeel en word deur 'n VP vervul.
- Die **predikaat** is die kern van die gesegde.
- Die **adjunk** bied kontekstuele of addisionele inligting aan oor die situasie wat uitgevoer of ondergaan word (dus die plek, tyd, rede, ens. van of vir die situasie).
- Die **predikator** is die kern van die predikaat.
- Die **predikaatkomplemente** vul die inhoud van die predikator aan en sluit in die direkte objek, indirekte objek, voorsetselobjek, kopulakomplement, objekkomplement en bywoordelike komplement.
- Die **konjunk** verbind twee klouse.
- Die **spil** is die eerste werkwoordgleuf (tempus, aspek, modaliteit, polariteit, omskrywing, ens.)
- Die **kompleks** is die ander werkwoordgleuwe in die sin en bied grammatikale en/of leksikale inligting (byvoorbeeld of dit 'n statiese situasies (toestand), of dinamiese situasie (gebeurtenis)) van die situasie aan. Dit is 'n verpligte sinsdeel en word deur minstens 'n hoofwerkwoord uitgedruk. Die hoofwerkwoord druk gewoonlik die leksikale inligting uit en ander werkwoorde die grammatikale inligting.

## *Sinsdele: betekenis*

**Sinsdele wat onderskei kan word as ons 'n BETEKENIS-bril op het**





**OF**




**ensovoorts**

## *Sinsdele: modus*

**Sinsdele wat onderskei kan word as ons 'n MODUS-bril op het**



# Afkortings

## *Afkortings vir woordsoorte*

| Afrikaanse term | Engelse term | AAG-afkorting | Ander afkortingvariasies | Voorbeeld |
|---|---|---|---|---|
| Adjektief | *adjective* | ADJ | A (Engels); b.nw (Afrikaans) | |
| Selfstandige adjektief | independent adjective | ADJ.INDEP | | *Die musiekgroep Spoegwolf is baie **gewild**.* |
| Oorganklike adjektief | transitive adjective | ADJ.TR | | *Die hond is nie mense **gewoond** nie.* |
| Voorsetseladjektief | prepositional adjective | ADJ.PREP | | *Hardus was **geheg** aan sy ma.* |
| Bywoord | adverb | ADV | bw. (Afrikaans) | |
| Egte bywoord | true adverb | ADV.A | | *Ek sal dit **môre** doen.* |
| Adjektiwiese bywoord | adjectival adverb | ADV.ADJ | | *Die reën val **hard** en **vinnig*** |
| Voegwoordelike bywoord | linking adverb; conjunctive adverb; conjunctional adverb; adverbial conjunction | ADV.CNJ | | *Hy is stokflou, **nietemin** is hy nog aan die gang. < Hy is stokflou. Hy is **nietemin** nog aan die gang.* |
| Betreklike bywoord | relative adverb; introductory adverb | ADV.REL | | *Die baan **waar** ons oefen* |
| Voornaamwoordelike bywoord | pronominal adverb; R-pronoun; pronoun adverb | ADV.PN | | *Die stoel **waarop** hy sit* |
| Voorsetselbywoord | prepositional adverb | ADV.PREP | | *hulle woon **tussenin*** |
| Lidwoord | article | ART | lw. (Afrikaans); lidw. (Afrikaans) | |
| Onbepaalde lidwoord | indefinite article | ART.INDF | | ***´n** kind* |
| Bepaalde lidwoord | definite article | ART.DEF | | ***die** kind* |
| Ontkenningslidwoord | negative article, negation article | ART.NEG | | ***geen** kind* |
| Naamwoord | noun | N | s.nw. (Afrikaans) | |
| Abstrakte naamwoord | abstract noun | N.AB | | *liefde* |
| Eienaamwoord | proper noun | N.PR | | *Andriëtte* |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Maatnaamwoord | quantifying noun | N.QUANT | | *´n* ***koppie*** *meel* |
| Massanaamwoord | mass noun; noncount noun; uncount noun | N.MAS | Massa (Afrikaans) | *koffie* |
| Soortnaamwoord | count noun; countable noun | N.C | | *tydskrif* |
| Versamelnaamwoord | collective noun; group name | N.COLL | | *trop* |
| Partikel | particle | PTCL | | |
| Ontkenningspartikel | negative particle; negation particle | PTCL.NEG | | *Stefan het nie laat gekom* ***nie****.* |
| Werkwoordpartikel | verb particle | PTCL.V | | *Stefan kom laat by die huis* ***aan****.* |
| Genitiefpartikel | genitive particle | PTCL.GEN | | *Stefan* ***se*** *laatkommery* |
| Infinitiefpartikel | infinitive particle | PTCL.INF | | *moeilik om* ***te*** *verduidelik* |
| Skakelpartikel | linking particle | PTCL.LINK | | *loop* ***en*** *droom* |
| Deel-geheel-partikel | partitive particle | PTCL.PTV | | *Twee* ***van*** *Stefan se maats* |
| Konjunksiepartikel | conjunction particle | PTCL.CNJ | | *Sowel Stefan* ***as*** *sy maats* |
| Vergelykingspartikel | comparative particle | PTCL.CMPR | | ***so*** *kwaad soos* |
| Betreklike partikel | relative particle | PTCL.REL | | *Stefan is* ***so*** *'n goeie student.* |
| Graadpartikel | degree particle | PTCL.DEG | | *Dit is* ***te*** *laat.* |
| Setsel | adposition | PREP | vs. (Afrikaans); voors. (Afrikaans) | |
| Voorsetsel | preposition | PREP | vs. (Afrikaans); voors. (Afrikaans) | ***op*** *die klavier* |
| Agtersetsel | postposition | POSTP | | *die wêreld* ***deur*** |
| Alkantsetsel | circumposition | CIRCP | | ***in*** *die Noord-Kaap* ***in*** |
| Onoorganklike setsel | intransitive adposition | INTRP | | *Die melk is* ***op*** |
| Telwoord | numeral | NUM | Telw. (Afrikaans) | |
| Hooftelwoorde | cardinal numeral | NUM.CRD | Htw (Afrikaans) | ***Een*** *student het 'n onderskeiding behaal.* |
| Rangtelwoord | ordinal number | NUM.ORD | Rangtw (Afrikaans) | *Kobie is altyd die* ***eerste*** *leerder by die skool.* |
| Breuktelwoord | fractional numeral, fractional number | NUM.FRACT | FRACT. | ***Negetiendes*** *van die deelnemers* |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Tussenwerpsel | interjection, expletive | INTERJ | EXPL. (Engels), tw. (Afrikaans) | |
| Voegwoord | conjunction; linking word | CNJ | voegw. (Afrikaans) | |
| Neweskikkende voegwoord | subordinator; subordinating conjunction | CNJ.COORD | COORD | *laus sê dat hy wil trou* ***en*** *saam met Brigitte wil bly.* |
| Onderskikkende voegwoord | coordinating conjunction; coordinator | CNJ.SUBOR D | SUBORD | ***Terwyl*** *Jessie siek is, kan sy nie oefen nie.* |
| Voornaamwoord | pronoun | PN | PRON (Engels); Vnw. (Afrikaans) | |
| Persoonlike voornaamwoord | personal pronoun | PN.PERS | | ***Ek*** *is nou vreeslik lus vir roomys.* |
| Onbepaalde voornaamwoord | idefinite pronoun | PN.INDF | | ***Iemand*** *het vir my gesê die winkel is toe.* |
| Wederkerende voornaamwoord | reflexive pronoun | PN.REFL | | *Greta bekommer* ***haar*** *oor klimaatsverandering.* |
| Wederkerige voornaamwoord | reciprocal pronouns | PN.RECP | | *Marko en Jans groet* ***mekaar*** *elke oggend.* |
| Besitlike voornaamwoord | possessive pronoun; possessive determiner; possessive adjective | PN.POSS | | *Dit is* ***my*** *plan.* |
| Aanwysende voornaamwoord | demonstrative pronoun;demonstrative | PN.DEM | DEM | ***Hierdie*** *klavier is nie gestem nie.* |
| Betreklike voornaamwoord | relative pronoun | PN.REL | | *Daar is genoeg skarminkels* ***wat*** *sy bloed soek.* |
| Vraende voornaamwoord | interrogative pronouns, interrogative | PN.Q | | ***Wat*** *wil jy weet?* |
| Werkwoord | verb | V | ww. (Afrikaans) | |
| Onpersoonlike hoofwerkwoord | impersonal verb | V.IMPRS | HW. (Afrikaans) | *Dit* ***sous*** *nou buite.* |
| Onoorganklike hoofwerkwoord | intransitive verb | V.INTR | Wonoorg. (Afrikaans) | *Alles* ***lewe****.* |
| Oorganklike hoofwerkwoord | transitive verb | V.TR | Woorg. (Afrikaans) | *Ek* ***eet*** *sop.* |
| Dubbeloorganklike hoofwerkwoord | ditransitive verb | V.DITR | | *Hy* ***gee*** *vir haar 'n klapsoen.* |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Koppelwerkwoorde | copula verb | V.COP | COP (Engels); Vkop. (Afrikaans) | *Ek **is** bly dit het gebeur.* |
| Hulpwerkwoorde | auxiliary verb | V.AUX | AUX (Engels); Hlpw. (Afrikaans) | *Hy **het** oor die muur geloer.* |
| Skakelwerkwoorde | linking verb | V.LINK | Skw (Afrikaans) | *Die sanger **begin** sing.* |
| Ander | | MISC | | ***Daar** is nie meer kos nie.* |

### *Afkortings vir sintaktiese stukke en stukkomponente*

| Afrikaanse term | Engelse term | AAG-afkorting | Ander afkortingvariasies | Voorbeeld |
|---|---|---|---|---|
| Naamwoordstuk | | | | |
| Naamwoordstuk | noun phrase | NP | | *die gerestoureerde vissershuis met 'n rietdak en lae houtbalke* |
| Naamwoordstukkern | noun phrase head | NP.KERN | | *die gerestoureerde **vissershuis** met 'n rietdak en lae houtbalke* |
| Determineerder | determiner | NP.DET | DET | ***die** gerestoureerde vissershuis met 'n rietdak en lae houtbalke* |
| Predetermineerder | predeterminer | NP.PREDET | PRE-DET (Afrikaans) | ***twee van** die kinders in die huis* |
| Voorbepaler | premodifiers | NP.VOORBEP | Voorbep. (Afrikaans) | *die **gerestoureerde** vissershuis met 'n rietdak en lae houtbalke* |
| Nabepaler | postmodifiers | NP.NABEP | Nabep. (Afrikaans) | *die **gerestoureerde** vissershuis **met 'n rietdak en lae houtbalke*** |
| Werkwoordstuk | | | | |
| Werkwoordstuk | verb phrase | VP | | *het 'n hamerkop in die pad gekry* |
| Werkwoordstukkern | verb phrase head | VP.KERN | | *het 'n hamerkop in die pad **gekry*** |
| Niehoofwerkwoordgedeelte | | VP.NKERN | | ***het** 'n hamerkop in die pad gekry* |
| Bywoordelike bepaling | adverbial | VP.ADJUNK | byw.bep. (Afrikaans) | *het 'n hamerkop **in die pad** gekry* |
| Adjektiefstuk | | | | |
| Adjektiefstuk | adjective phrase | AP | | ***die met bloed bevlekte*** |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Adjektiefstukkern | adjective phrase head | AP.KERN | | *die met bloed **bevlekte*** |
| Voorbepaler | predeterminer | AP.VOORBEP | | *die **met bloed** bevlekte* |
| Nabepaler | postdeterminer | AP.NABEP | | *so rooi **soos bloed** / mooi **om na te kyk*** |
| Setselstuk | | | | |
| Setselstuk | adpositional phrase | PP | Vsgr. (Afrikaans = voorsetselgroep) | *in die kamer* |
| Bywoordstuk | | | | |
| Bywoordstuk | adverb phrase | ADVP | | *altyd laat* |
| Bywoordstukkern | adverb phrase head | ADVP.KERN | | *altyd **laat*** |
| Voorbepaler | predeterminer | ADVP.VOORBEP | | ***altyd** laat* |
| Nabepaler | postdeterminer | ADVP.NABEP | | *laat **soos gewoonlik*** |

## *Afkortings vir sintaktiese funksies*

| Afrikaanse term | Engelse term | AAG-afkorting | Ander afkortingvariasies |
|---|---|---|---|
| Subjek | subject | SBJ | S; SUBJ |
| Gesegde | full predication | PREDN | PRED |
| Predikaat | predicate | PRED | |
| Predikator (Predicator) | predicator | PREDR | |
| Predikaatkomplement | predicate complement; complement | PREDCOMP | PRED.COMP; COMP |
| Komplementiseerder | complementiser | COMPR | |
| Direkte objek | direct object; object | OBJ | O |
| Indirekte objek | idirect object | IO | IOBJ |
| Kopulakomplement | copula complement; subject predicative | COPCOMP | K-PRED (Afrikaans) |
| Objekkomplement | object complement | OBJCOMP | |
| Bywoordelike komplement | adverbial complement | ACOMP | ADVCOMP |
| Adjunk | adjunct | ADJT | ADJUNCT |
| Bywoordelike bepaling | adverbial | A | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Bywoordelike bepaling van omstandigheid | circumstance adverbial | A.C | $A_c$ |
| Bywoordelike bepaling van houding | stance adverbial | A.S | $A_s$ |
| Bywoordelike bepaling van skakeling | linking adverbial | A.L | $A_l$ |
| Randadjunk | insert | INSRT | |
| Disjunk | disjunct | DISJ | |
| Konjunk | conjunct | CONJ | |

### *Afkortings vir klousstruktuur*

| Afrikaanse term | Engelse term | AAG-afkorting |
|---|---|---|
| Sin | sentence | S |
| Klous | clause | C |
| Nonklous | non-clause | NC |

# Veranderingslog

- 1.2>1.3
  - Titelwysiging: Sintaksisterminologiedokument > Sintaksisoorsigdokument vir die Algemene Afrikaanse Grammatika
  - Algehele redaksionele versorging (deur Adri Breed en Sulene Pilon)
  - Konsekwentmaking van bywoordelike bepaling (want dit funksioneer as ŉ eie sinsdeel), en byvoeglike bepaler (wat ŉ voor- of nabepaler van die naamwoordstuk is).
- 1.1>1.2
  - Verwysing gewysig na 3.0 (2023)
  - "Status: Weergawe" bygewerk na 3.0
  - Regstelling gemaak onder "Komplementbysin" ("voorsetselkomplement" gewysig na "voorsetselobjek"
  - "Voorsetselkomplement" is deurgaans gewysig na "setselkomplement
  - "Determineerder" bygevoeg as terme waarmee **vorm** beskryf word.
  - Lys van outeurs bygewerk met nuwe medewerkers
  - Komplementiseerders en Relativeerders as KONJ verwyder. Komplementiseerders is ŉ tipe Onderskikkekker, en Voornaamwoorde is klousaal (anders as konjunkte)
  - Diksjunkte is geskuif na "Randadjunk", maar die presiese kategorisering van hierdie nonklousale funksie is nog onder bespreking
  - Aanspreekvorme is onder "Randadjunk", maar die presiese kategorisering van hierdie nonklousale funksie is nog onder bespreking.
  - "Disjunk" onder "nonklous"uitgehaal. Slegs twee nonklouse, naamlik randadjunkte en konjunkte word in die huidige weergawe onderskei, maar die kategorisering van nonklouse is nog onder bespreking.
- 1.0>1.1
  - Alle afkortings is aangepas of bygevoeg volgens AAG-konvensies
  - COMPC is geskuif na nabepaler binne AP
  - COMPC is toegevoeg as moontlike nabepaler binne ADVP
  - "Voorsetselkomplement" is gewysig na "setselkomplement"
  - CMRPRC is deurgaans verwyder
  - Afdeling vir afkortings bygevoeg
- 0.15>1.0
  - Geen veranderinge, maar weergawe 1.0 word vrygestel op https:gerhard.pro.
- 0.14>0.15
  - Voorsetselstuk is gewysig na "Setselstuk"
  - Vlak vir "Setselstukkern (PP.KERN)" is ingevoeg
  - Vlak vir "Voorbepaler (PP.VOORBEP)" is toegevoeg en Taalportaal se verskillende bepalers is aangebied.
  - "wyse" is bygevoeg as semantiese eienskap van bywoordelike komplement saam met ŉ kompleks onoorganklike hoofwerkwoord
- 0.13>0.14
  - COMPC is geskuif na nabepaler binne NP
  - Term "predikaatkomplement" toegevoeg
  - Komplementbysinne kan in direkte rede wees
- 0.12 > 0.13
  - COMPC is nie meer del van kern/bepaler van NP, maar aparte sinsdeel binne NP
  - COMP bygevoeg onder NP
  - Subordinaatvlak vir "determineerder" (binne "Determineerder") is uitgehaal uit NP
  - COMP bygevoeg by AP
  - ADJUNCT gewysig na ADVP binne NP.Nabepaler.
  - Naamwoordkomplement onder "Ander" binne Sintaktiese funksies uitgehaal, want dit word reeds op ander plekke ondervang.
  - Adjektiefobjek onder Sintaktiese funksie bygesit.
  - Komplementbysin se beskrywing gewysig.
  - Vergelykingsbysin uitgehaal.
  - Afdeling oor nonklouse onder Klousstruktuur ingevoeg.

  - "Disjunk" op dieselfde vlak as randadjunk en konjunk gesit (dus nie ’n meer as ’n tipe randadjunk nie)
  - Die komplementfunksie is deurgaans gewysig na "predikatorkomplement", maar die kwessie is nog onder bespreking.
  - Samevatting bygewerk
- 0.11 > 0.12
  - **Komplementbysin** is bygewerk om aan te toon dat komplementbysinne funksioneer as die komplemente van ’n ander sinsdeel.
  - **Naamwoordkomplement** is bygevoeg.
- 0.10 > 0.11
  - **Komplementbysin** is bygewerk om te stel dat die komplementiseerder soms weggelaat kan word.
  - COMPC is bygevoeg as ’n tipe **NP.KERN**
- 0.9 > 0.10
  - simplekse klous en komplekse klous is vervang met simplekse sin en komplekse sin
    - Terminologiese kwessies rondom klousstruktuur uitgeklaar.
- 0.8 > 0.9
  - Die beskrywing van **spil** en **kompleks** is verfyn.
- 0.7 > 0.8
  - Tabelle met voorbeeldnalises is bygewerk.
  - Voeg verskeie voorbeelde by.
  - By partikels is die term “deel-geheel-partikel”/”partitiefpartikel” as versamelnaam vir “deelpartikel” en “geheelpartikel” gebruik, ná ’n lang ondersoek deur GBVH en SP waar geen bewyse in internasionale literatuur vir iets soos “geheelpartikel” of “geheelbepaler” gevind kon word nie. Die alternatief wat oorweeg is (en wat dalk nog later weer oorweeg kan word), is PTCL.QUANT.
    - Die laaste woord oor “al” is nog nie gespreek nie en verg verdere ondersoek.
  - By VP.KERN > voeg by dat dit ook met PTCL.INF kan voorkom.
  - “Adjunk” as kategorie word behou vir vorm én funksie.
- 0.6 > 0.7
  - By PP talle nuwe inligting bygevoeg.
  - ADVP bygevoeg (kyk Longman; bevestig met AJVR).
  - ADV verander na ADVP.
- 0.5 > 0.6
  - Gedeelte oor verskillende tipes **ondergeskikte klouse** (**bysinne**) bygevoeg (p. 2, asook in die diagram van funksies).
  - Sin bygevoeg dat **spil** en **kompleks** oorvleuel in sinne met slegs ’n hoofwerkwoord.
  - Brei hele gedeelte oor **vorm** uit.
  - Voeg nuwe voorbeelde in tabelvorm by.
  - Herrangskik gedeeltes in volgorde.
  - In woordsoortdiagram word predikatief en attributief as tipes adjektiewe verwyder, en vervang met selfstandige, oorganklike en voorsetseladjektiewe (n.a.v. Ponelis).
  - Redaksionele wysigings.
- 0.4 > 0.5
  - **Komplementiseerder** en **relativiseerder** word bygevoeg as subfunksies van **konjunk**.
  - Die taksonomie van woordsoorte word bygevoeg. Dié taksonomie is aanvanklik deur Gerhard van Huyssteen geskep, met insette van veral Adri Breed, Johanita Kirsten en Suléne Pilon, en daarna met kommentaar van Nadine Fouché, Sophia Kapp en Bertus van Rooy.
- 0.3 > 0.4
  - Definisies van **spil** en **kompleks** onder **klousstruktuur** (sintaktiese vorm) bygevoeg.
  - Gedeelte oor die onderskeid tussen funksie en betekenis bygevoeg. Dié gedeelte is baseer op ’n PowerPoint-lêer wat Adri Breed aanvanklik geskep het, en waarop veral Gerhard van Huyssteen, Suléne Pilon en Nina Brink kommentaar gelewer het.
  - Samevatting van terme wat gebruik word aan einde van dokument bygevoeg.
- 0.2 > 0.3

    - Dele onder **byvoeglike bepaler** aangepas en geskaaf, sodat dit op die regte vlakke gekategoriseer word.
    - Onderskeid tussen NUM, kwantifiseerder en kwantordetermineerder opgelos.
- 0.1 > 0.2
    - Gedeelte oor **klousstruktuur** (sintaktiese vorm) uitgebrei.
    - **PP** bygevoeg as **kopulakomplement**, sodat ***in haar noppies*** (wat semanties ekwivalent is aan ***tevrede***) nou gesien word as kopulakomplement by die koppelwerkwoord ***is***, eerder as **bywoordelike komplement** by ***is*** as kompleks onoorganklike werkwoord.
    - Eksplisering dat ***in Pretoria*** in *Sy is in Pretoria* 'n **bywoordelike komplement** is, en verandering dat ***in die grond*** in *Hy plant die saadjies in die grond* 'n **adjunk** is.
    - Voorbeelde van **adjunkte** bygevoeg, terwyl terminologie m.b.t. neweskikker/onderskikker as **konjunkte** (voorheen **verbinders**) teenoor neweskikkende/onderskikkende **bywoordeling bepalings van skakeling** opgeklaar is.
    - **Konjunk** verskuif tot op dieselfde vlak as **subjek** en **gesegde**.
    - Samevattende taksonomie aangepas en bygewerk.
    - **Pers** word hernoem as **byvoeglike bepaler** (voorheen **interne sinstruktuur**), met addisionele toeligting en voorbeelde